VCSV

Kinder-beskermingsbeleid

Die Verenigende Christen-Studentevereniging van SA
Posbus 25, Stellenbosch 7599
Tel: 021 887 0212 Faks: 021 886 6868
E-pos: info@vcsv.co.za
www.vcsv.co.za

2008

Die VCSV se Kinderbeskermingsbeleid

1. Inleiding

Hierdie Kinderbeskermingsbeleid is opgestel in ooreenstemming met nasionale en internasionale verdrae wat kinders se beste belange wil beskerm. Dit is ook geskryf in ooreenstemming met die Verenigde Nasies se Verklaring oor Kinderregte, die African Charter on the Rights and Welfare of the Child, die Suid-Afrikaanse Grondwet, Wet 108 van 1996, en die Wetsontwerp op Kinders, 4 Augustus 2003.

Dit word gebaseer op die Christelike waardes en beginsels waarop die VCSV se visie ook gebaseer is. Ons glo dat elke kind en jongmens as ’n geskenk van God gesien moet word, en dat hulle daarom beskerm moet word teen enige vorm van mishandeling, sodat hulle as heel mense kan ontwikkel.

Die VCSV glo dat alle vorms van mishandeling, misbruik en uitbuiting van kinders onaanvaarbaar is. Ons glo dat stappe geneem moet word om kinders te beskerm teen mense wat met kwade bedoelings deur die VCSV toegang tot hulle verkry en dan hulle vertroue wen. Ons erken die moontlikheid dat werknemers, donateurs, vrywilligers of vennote kinders kan mishandel en ons verbind ons daartoe om alles in ons vermoë te doen om dit te voorkom.

Die beskerming van kinders is ’n korporatiewe en individuele verantwoordelikheid. Alle werknemers en vrywilligers sal ingelig word oor die noodsaaklikheid daarvan om bedag te wees op die beskerming van kinders in alles wat ons doen. Enige verbintenis met iemand wat kinders mishandel, misbruik of uitbuit, sal verbreek word.

2. Waarom is die beleid nodig?

Die VCSV werk vir en met kinders. Dit is dus van die uiterste belang dat die organisasie ’n Kinderbeskermingsbeleid in plek het om kinders so ver as moontlik teen enige vorm van mishandeling en misbruik te beskerm, en om ook die moontlikheid dat dit hoegenaamd kan gebeur te beperk.

Ons onderskryf die beginsels van die Wetsontwerp op Kinders (2003) wat in hoofstuk 2 sê dat ons in alle sake waarby kinders betrokke is hulle regte moet beskerm, hulle menswaardigheid moet respekteer, hulle regverdig en gelykwaardig moet behandel, en hulle teen diskriminasie moet beskerm.

Ons glo dat elke mens, en dus ook elke kind, ons respek waardig is omdat ons almal na die beeld van God gemaak is en omdat God die mens liefhet en ’n liefdevolle Vader-verhouding met elkeen wil hê.

Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld (Genesis 1:26). God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (Johannes 3:16).

3. Doelwitte van die beleid

Die doelwitte van die VCSV se Kinderbeskermingsbeleid is:

- om duidelike riglyne te gee om skade te voorkom
- om duidelike riglyne te gee vir die gepaste optrede waar mishandeling of misbruik wel voorkom

- om te verseker dat die beleid verstaanbaar en toeganklik is en prakties uitvoerbaar is.

4. Kinders se regte

4.1 'n Kind se regte soos gestel in Afdeling 28 van die Handves van Regte

Elke kind het die reg

4.1.1 op 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte;

4.1.2 op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;

4.1.3 op basiese voeding, skuiling, basiese gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste;

4.1.4 om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word;

4.1.5 om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word;

4.1.6 om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer nie wat
- onvanpas is vir 'n persoon van daardie kind se ouderdom; of
- 'n risiko vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of
- geestelike, morele of sosiale ontwikkeling inhou;

4.1.7 om nie aangehou te word nie, behalwe as laaste uitweg, in watter geval, benewens die regte wat 'n kind kragtens artikels 12 en 35 geniet, die kind slegs vir die kortste gepaste tydperk aangehou mag word, en die reg het om
- afsonderlik van aangehoudenes bo die ouderdom van 18 jaar aangehou te word; en
- op 'n wyse behandel te word, en in omstandighede aangehou te word, wat met die kind se ouderdom rekening hou;

4.1.8 om, in siviele verrigtinge wat die kind raak, deur die staat op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei; en

4.1.9 om nie regstreeks in gewapende stryd gebruik te word nie, en om in tye van gewapende stryd beskerm te word.

'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak. In hierdie artikel beteken "kind" iemand onder die ouderdom van 18 jaar.

4.2 Wetsontwerp op kinders, 4 Augustus 2003

Die Wet vereis dat enige kindermishandeling of redelike vermoede van kindermishandeling gerapporteer moet word.

Die kinderbeskermingsamptenaar kan dan ander liggame soos maatskaplike dienste en ander kinderbeskermingsorganisasies soos Childline betrek.

Die VCSV sal sy eie interne ondersoek doen, maar sal met die betrokke gesagsliggame saamwerk. Dit sluit die Kinderbeskermingseenheid van die SAPD in.

Die VCSV sal die nodige ondersteuning aan sy lede en ook aan die gemeenskap bied. Afdeling 14, *Prosedure,* verduidelik die prosedure wat gevolg moet word wanneer mishandeling of misbruik gerapporteer word.

Die Kinderbeskermingsbeleid geld vir al die aktiwiteite van die VCSV, insluitend vergaderings, kampe, uitreike, avontuurprogramme en opleidingskursusse.

5. Definisies

Die VCSV se definisie van 'n kind is enige mens jonger as agtien jaar (of 21 jaar as die persoon nog op skool is). Die VCSV glo alle kinders is na die beeld van God geskep en is kosbaar vir Hom.

Kindermishandeling is ’n algemene term wat gebruik word met betrekking tot situasies waar ’n kind skade kan opdoen. Dit is enige vorm van doelbewuste skade of slegte behandeling of mishandeling, en sluit in aanranding of enige ander doelbewuste besering, seksuele mishandeling, misbruik of eksploitasie, afknouery (ook deur ander kinders), en die blootstel van die kind aan enige gedrag wat hom/haar sielkundig of emosioneel kan skaad. Daar is verskillende tipes mishandeling: fisieke mishandeling, emosionele mishandeling, geestelike skade, seksuele mishandeling en fisieke verwaarlosing.

6. Kindermishandeling in meer besonderhede

6.1 Fisieke mishandeling

Fisiese mishandeling is ernstige en herhaalde beserings wat nie die gevolg van ongelukke is nie en wat toegedien word deur, of die gevolg is van die nalatigheid van ‘n persoon in wie se sorg die kind is. Dit is verder ook die onvanpaste gebruik van geweld en fisiese krag wat kan lei tot ontwikkelingsprobleme. ’n Kind word fisiek mishandel wanneer sy/haar kop onder water gehou word, hy/sy doelbewus dwelmmiddels en alkohol gegee of versmoor word.

6.2 Seksuele mishandeling

Seksuele mishandeling is die eksploitasie van ‘n kind vir die seksuele bevrediging van ‘n volwassene. ’n Kind word seksueel mishandel wanneer enige persoon of persone, doelbewus of deur nalatigheid, die kind direk of indirek blootstel aan enige aktiwiteit wat bedoel is om tot die seksuele opwekking of enige ander vorm van bevrediging van daardie persoon of persone te lei. Georganiseerde netwerke word hierby ingesluit. Die definisie geld ongeag of daar enige kontak met geslagsdele was en ongeag of daar beweer word dat die kind die gedrag geïnisieer het of daartoe ingestem het.

6.3 Emosionele mishandeling

Emosionele mishandeling vind plaas wanneer optrede of woorde van ’n persoon ’n negatiewe effek op die emosionele ontwikkeling (waaronder intelligensie, geheue, persepsie, aandag, taal en morele ontwikkeling) van die kind het. Emosionele mishandeling is die volgehoue, herhaalde, onvanpaste emosionele reaksie op ’n kind se emosionele behoeftes.
Emosionele mishandeling kan in twee kategorieë verdeel word. Emosionele misbruik is verbale en emosionele aanvalle op die kind, waar die kind gedreig word en waar die kind met tye afgesonder word. Emosionele verwaarlosing is waar die kind nie genoeg aandag en toenadering ontvang nie en waar die volwassene onvanpaste gedrag (bv dwelmmisbruik) toelaat.

6.4 Verbale mishandeling

Verbale mishandeling sluit in alles wat aandui dat ’n persoon van min waarde is, soos woorde (byvoorbeeld neerhalende aanmerkings of beledigings deur volwassenes of ander kinders, negatiewe kritiek, skree as vorm van dissipline, rasgebaseerde beledigings), stemtoon en gepaardgaande liggaamstaal en –houding.

6.5 Geestelike skade

Geestelike skade kan volg wanneer iemand sy/haar geestelike gesag misbruik om ’n kind op negatiewe wyse te beheer, te manipuleer of te domineer, oënskynlik met vrome doelstellings.

6.6 Omgewingsrisiko

’n Omgewingsrisiko bestaan wanneer:

- die fisieke omgewing van die kind gevaarlik is vir sy/haar fisieke veiligheid, óf met voorbedagte rade óf deur die nalatigheid van die betrokke volwassene

- beheermaatreëls vir toegang tot plekke waar kinders is, nie na wens is nie.

6.7 Fisieke verwaarlosing

Daar is sprake van fisieke verwaarlosing wanneer daar nie voldoen word aan die kind se basiese fisieke behoeftes nie en dit sy/haar gesondheid en ontwikkeling kan strem. Basiese behoeftes sluit in die behoefte aan kos, klere, higiëne, skuiling en warmte. ’n Gebrek aan die gepaste versorging (onder andere ook gebrek aan toegang tot behoorlike gesondheidsorg) kan lei tot voortgaande of ernstige blootstelling aan omstandighede wat die kind in gevaar kan stel.

6.8 Uitsonderings

Kindermishandeling is meestal die gevolg van doelbewuste en voorkombare gedrag. In sommige gevalle mag die ouer of versorger as gevolg van oorsake soos dwelmmisbruik of ’n geestesiekte nie in beheer wees van sy/haar optrede nie, maar in so ’n geval kan kindermishandeling steeds plaasvind. Die oorsaak van die mishandeling is immers vir die mishandelde kind van weinig belang. Dit is dus belangrik dat hierdie uitsonderings met betrekking tot voorkombaarheid ook deur die vereniging se Kinderbeskermingsbeleid aangespreek word, om te verseker dat daar steeds op gepaste en weldeurdagte wyse opgetree word.

7. Kinderbeskerming

In die konteks van hierdie beleid word die term Kinderbeskerming gebruik om die waardes, beleid en prosedures te beskryf wat kinders wil beskerm teen doelbewuste en onbedoelde skade. Dit het veral betrekking op die plig van die VCSV – en die mense en vennote wat betrokke is by die VCSV – teenoor die kinders in sy sorg.

7.1 Kinderbeskermingsamptenare

’n Kinderbeskermingsamptenaar is iemand wat aangestel is deur die leierskap van die VCSV om:
- die implementering van die Kinderbeskermingsbeleid in die VCSV te fasiliteer en te monitor;
- die nodige voorgeskrewe stappe te neem wanneer ’n moontlike oortreding van die Kinderbeskermingsbeleid aangemeld word.

8. Gepaste dissipline

’n Kind het dissipline en grense nodig, en dat dit so ver as moontlik in veilige en liefdevolle omstandighede toegepas word. Dit is noodsaaklik vir sy/haar ontwikkeling tot ’n persoon wat geborge en geliefd voel, selfvertroue het, selfdissipline kan handhaaf en stres kan hanteer. Dissipline en straf is nie dieselfde nie. Alhoewel dissipline altyd korreksie (’n vorm van straf) insluit, sluit dit ook instruksie en aanmoediging in. Die doel van dissipline is om die kind te help om die verskil tussen reg en verkeerd, en aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag te verstaan, en om die regte van ander mense te eerbiedig. Dissipline moet nie net die regstel van verkeerde of negatiewe gedrag wees nie, maar ook die beloning en erkenning van regte of positiewe gedrag.

9. Volwassenes se verantwoordelikheid ten opsigte van die Kinderbeskermings-beleid

9.1 Volwassenes wat direkte kontak met kinders het

Wanneer volwassenes fisiek by ’n kind of kinders is in die konteks van die VCSV, is dit hulle verantwoordelikheid om seker te maak dat:

- hulle gedrag te alle tye gepas is;
- hulle die reëls ten opsigte van die veiligheid van die kinders nakom;
- hulle die posisie van vertroue waarin hulle geplaas is, eerbiedig;
- die verhoudings wat hulle met die kinders in hulle sorg aangaan, te alle tye en op elke gebied van pas is.

9.2 Volwassenes wat indirekte kontak met kinders het

Die beleid geld ook vir mense in wat binne VCSV-konteks toegang tot inligting oor kinders het, soos kinders se name, kontakbesonderhede, foto's, persoonlike inligting en MIV-status.

9.3 Vennote

Die beleid geld ook vir die VCSV se vennote. Dit sluit kerke en gemeentes, Christelike bedienings en ander instellings of liggame in wat met die VCSV saamwerk op kontraktuele, verhoudings- of finansiële basis.

9.4 Vrywilligers

Die beleid geld verder vir enige persoon wat aanbied om sonder vergoeding by enige VCSV-aktiwiteit te help of betrokke te raak.

In die geval van 'n vermoede, openbaarmaking of bewering van kindermishandeling moet die betrokke volwassenes, beide dié met direkte en dié met indirekte kontak met kinders, en ongeag of die volwassene 'n personeellid, vennoot of vrywilliger is, die voorgeskrewe optrede volg.

10. Werwing en opleiding van vrywilligers en werknemers

10.1 Alle vrywilligers (plaaslik sowel as internasionaal) sal gevra word om die VCSV se Kinderbeskermingsbeleid te ondertreken en te onderhou.

10.2 As deel van die aanstellingsproses sal hulle ook gevra word om enige kriminele rekord bekend te maak.

10.3 Hulle sal gevra word om toestemming aan die VCSV te gee om enige tyd gedurende hulle verbintenis met die VCSV 'n gedragsertifikaat van die polisie aan te vra.

10.4 Alle applikante moet 'n betroubare getuigskrif aangaande hul karakter indien, en besondere aandag sal gegee word aan enige saak wat met kindermishandeling verband kan hou. Applikante sal ook gedurende onderhoude ondervra word oor vorige werk met kinders.

10.5 Alle vrywilligers sal opleiding ten opsigte van die VCSV se Kinderbeskermingsbeleid ontvang. Hulle sal 'n kopie van die beleid sowel as die VCSV se gedragskode ontvang, en sal gevra word om 'n verklaring te onderteken dat hulle dit ontvang het en dit verstaan.

10.6 Lede van die publiek sal die VCSV se Kinderbeskermingsbeleid op die vereniging se webblad kan lees. 'n Kopie sal ook by die hoofkantoor gehou word, en beskikbaar wees vir enigiemand wat dit wil lees.

10.7 Persone wat as onafhanklike kontrakteurs in diens geneem en direkte toegang tot kinders in die VCSV se sorg het, sal ook 'n kopie van die beleid en gedragskode ontvang en gevra word om 'n verklaring te onderteken dat hulle dit gelees en verstaan het.

10.8 Vrywilligers sal deur die voltydse personeel aan wie hulle verantwoordelik is, gemonitor word om te verseker dat die beleid toegepas word. Indien enige besorgdheid hieroor

bestaan, moet die personeel die betrokke Kinderbeskermingsamptenaar in kennis stel. Dié persoon sal die saak dan verder ondersoek.

10.9 Opleiding, leergeleenthede en ondersteuning sal aan kinders, ouers, vrywilligers en personeel gegee word.

10.10 Alle werknemers, ouers, kinders en vrywilligers moet toegang hê tot kindervriendelike rapporteringsprosedures, waaronder kontakbesonderhede van plekke waar moontlike kindermishandeling aangemeld kan word.

11. Kommunikasie oor kinders

11.1 Enige kommunikasie oor kinders moet te alle tye prente of foto's gebruik wat welvoeglik is en die kinders met respek behandel, en hulle mag nie as slagoffers uitgebeeld word nie. Kinders moet altyd voldoende klere aanhê, en nie posisies inneem wat as seksueel suggestief geïnterpreteer kan word nie. Taal wat 'n magsverhouding impliseer, moet vermy word. Ons besef egter dat kinders soms wel slagoffers is (byvoorbeeld van hongersnood). In sulke gevalle moet die werklikheid uitgebeeld word, maar kinders se menswaardigheid moet steeds behou word.

11.2 Webbladsye en ander promosiemateriaal mag nie foto's van kinders gebruik sonder die formele en skriftelike toestemming van die betrokke kinders se ouers/versorgers nie (waar enigsins moontlik).

11.3 Persoonlike en ander inligting oor 'n kind wat gebruik kan word om vas te stel waar die kind hom/haar bevind, mag nie op die webbladsy of in enige ander kommunikasiemiddel verskyn nie.

12. Vennoot-bedienings

Vennote van die VCSV het die verantwoordelikheid om die minimum-veiligheidstandaarde toe te pas om die veiligheid van die kinders wat aan hulle programme deelneem, te verseker. Hulle sal gevra word om die VCSV se Kinderbeskermingsbeleid te onderteken en te onderhou.

13. Gedragskode

Alle VCSV-personeel en -vrywilligers moet die volgende Gedragskode onderteken en onderhou.

Personeel, vrywilligers en ander wat kontak met kinders het, mag nooit:

- kinders slaan, fisiek aanrand of fisiek mishandel nie;
- fisieke of seksuele verhoudings met kinders aangaan nie;
- 'n verhouding met kinders aangaan wat op enige manier as uitbuiting of mishandeling gesien kan word nie;
- optree op maniere waardeur kinders mishandel kan word of wat kinders aan die risiko van mishandeling blootstel nie;
- taal gebruik, voorstelle maak of raad gee wat onvanpas, beledigend, aanstootlik of vernederend is nie;
- fisiek op 'n onvanpaste of seksueel uitlokkende of prikkelende manier optree nie;
- alleen in dieselfde kamer, tent, bed of enige ander ruimte by 'n kind met wie hulle werk, slaap nie;
- dinge van persoonlike aard wat kinders self kan doen, vir hulle doen nie;

- onwettige, onveilige, vernederende of skadelike gedrag deur kinders goedkeur of daaraan deelneem nie;
- optree met die doel om kinders te verneder, skaam te maak, te verkleineer of af te kraak nie, of op enige ander manier so optree dat kinders emosioneel mishandel word nie;
- teen kinders diskrimineer, of sekere kinders voortrek of begunstig ten koste van ander kinders nie.

Dit is nie ’n volledige lys nie. Die beginsel daaragter is dat personeel en vrywilligers enige optrede of gedrag sal vermy wat beskou kan word as mishandeling of as swak gedrag.

Dit is belangrik dat personeel, vrywilligers en ander mense wat kontak met kinders het:
- bewus sal wees van situasies wat die risiko van mishandeling inhou en dit bestuur;
- die fisieke ruimte en aktiwiteite so sal beplan en bestuur dat risiko tot ’n minimum beperk word;
- sover as moontlik sigbaar sal wees wanneer hulle met kinders werk;
- seker maak dat personeel en vrywilligers verantwoordelik teenoor mekaar is, sodat potensieel skadelike gedrag altyd bevraagteken kan word;
- enige vorm van mishandeling, ook potensiële mishandeling, so vinnig as moontlik sal aanmeld.

Dit is normaalweg onvanpas vir personeel en vrywilligers om:
- baie tyd alleen en weg van ander mense af saam met kinders te spandeer;
- kinders na hul huis/blyplek te neem of na die kind s’n te gaan, veral as daar nie ander mense teenwoordig sal wees nie.

14. Prosedure vir die aanmeld van moontlike of werklike kindermishandeling by die VCSV

14.1 Tree onmiddellik op

Indien iemand moontlike of werklike mishandeling by ’n VCSV-aktiwiteit waarneem, of indien dit aan hom/haar gerapporteer word, moet hy/sy dit onmiddellik by die Kinderbeskermingsamptenaar aanmeld. Indien nodig, sal die saak dan ook verwys word na die betrokke gesagsliggame.

Enigiemand wat weet of vermoed dat ’n kind in gevaar verkeer, moet dit by die aangewese personeellid aanmeld. Hierdie persoon moet dan die Kinderbeskermingsamptenaar in kennis stel. Hulle sal saam oor geskikte optrede besluit.

Om ’n hoë standaard van aanmelding en reaksie te verseker, onderneem lede van die VCSV om:
- alle kwessies wat geopper word, met erns te benader;
- positiewe stappe te neem om die beskerming van die kinders waaroor daar kommer bestaan, te verseker;
- kinders, ouers, personeel of ander vrywilligers wat hul bekommernis uitgespreek het of oor wie kommer bestaan, te ondersteun;
- gepas en effektief op te tree wanneer ’n ondersoek geloods word of wanneer hul samewerking benodig word vir die ondersoek;
- deur die hele proses optree volgens die beginsel van “die beste belang van die kind”;
- na die opinies en wense van kinders luister en dit ernstig opneem;
- met ouers/versorgers en/of professionele persone saamwerk om die beskerming en veiligheid van kinders te verseker.

14.2 Meld mishandeling deur iemand buite die VCSV aan

Indien ’n personeellid of vrywilliger vermoed dat ’n kind deur ’n familielid (oupa, tante, oom) of ander persoon mishandel word, moet hy/sy die volgende prosedure volg:

- Teken die datum en tyd toe die mishandeling geïdentifiseer is, aan.
- Skryf ’n verslag waarin die kind se eie woorde sover as moontlik gebruik word.

- Teken die rede vir die vermoede van mishandeling aan.
- Meld die vermoede by die Kinderbeskermingsamptenaar aan.

14.3 Meld mishandeling deur iemand binne die VCSV aan

Indien ’n personeellid, vrywilliger of onderwyser vermoed dat ’n personeellid, onderwyser of vrywilliger van die VCSV ’n kind mishandel, moet hy/sy die volgende prosedure volg:

- Teken die datum en tyd toe die mishandeling geïdentifiseer is, aan.
- Skryf ’n verslag waarin die kind se eie woorde sover as moontlik gebruik word.
- Teken die rede vir die vermoede van mishandeling aan.
- Meld die vermoede by die Kinderbeskermingsamptenaar aan.

14.4 Vertroulikheid

Die kwessie van vertroulikheid is baie belangrik wanneer dit gaan om moontlike mishandeling. Personeellede en vrywilligers van die VCSV moet uiters bedag daarop wees om inligting te beskerm en moet inligting slegs deur die voorgeskrewe kanale gee. Alle sake rakende die mishandeling mag slegs binne hierdie kanale bespreek word. Die identiteit van die kind wat moontlik mishandel word mag nooit aan enigiemand buite die rapporteringskanaal gegee word, tensy die kind sy/haar geskrewe en ingeligte toestemming gee nie.

14.5 Prosedure na buite

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het volgens wet die plig om:
- klagtes te ontvang en te ondersoek;
- beëdigde verklarings af te neem;
- die beweerde oortreders te arresteer.

14.6 Vertroulike verslaghouding

Alle vermoedens, bewerings en openbaarmakings moet neergeskryf word wanneer die vermoede geuiter word, of so gou as moontlik daarna. Alle verslae moet geteken en van datums voorsien word.

Verslae moet op ’n veilige plek bewaar word, waar dit nie toeganklik is vir mense buite die rapporteer-proses nie. Verslae moet toegesluit wees. Inligting mag slegs met betrokke partye gedeel word, en moet so gedoen word dat vertroulikheid gehandhaaf word.

Dissiplinêre stappe sal volgens die VCSV se Dissiplinêre Kode geneem word. Indien gevind word dat ’n personeellid, onderwyser of vrywilliger ’n kind mishandel het terwyl hulle betrokke was by die VCSV, kan die persoon onmiddellik na die ondersoek afgedank word. Die VCSV mag besluit om regstappe te doen teen die vorige personeellid, vrywilliger of onderwyser. Die VCSV het ook die reg om ’n persoon af te dank indien bewerings van mishandeling gemaak word, selfs al word dit nie bewys nie.

15. Toepassing van die beleid

Alle personeellede en vrywilligers van die VCSV is verplig om die VCSV se Kinderbeskermings-beleid te onderteken en dit ook te onderhou.

16. Verklaring van aanvaarding

Die VCSV beskou aanvaarding van die inhoud van die Kinderbeskermingsbeleid as ’n voorvereiste vir enige verhouding of verbintenis met die VCSV. Dit geld vir almal wat in Afdeling 9 en 10 genoem word.

Die beleid moet onderteken en van ’n datum voorsien word voordat hierdie verhouding of verbintenis ’n aanvang neem. Die VCSV sal die verklaring van aanvaarding bewaar. Die persone genoem in Afdeling 9 en 10 ontvang ’n kopie van die beleid en moet dit veilig bewaar.

❖❖❖❖

VERKLARING

Die VCSV se Kinderbeskermingsbeleid

Hiermee verklaar ek dat ek die VCSV se Kinderbeskermingsbeleid (2008) gelees het en dit verstaan. Ek onderskryf die beginsels en onderwerp my aan die voorskrifte van die beleid.

---------- ----------

Naam in drukletters Handtekening

Datum